


Junie 2006

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van Pretoria,

Vandag iets oor die Roberts familie van ou Pretoria. Dit is nou eerwaarde Alfred Roberts en sy vrou Marianne Edwina [Edda] Roberts. Meeste van u is seker bekend met die voëlboeke van hul seun Austen Roberts en ook die Austen Roberts Voëlpark by die Blue Crane Restaurant wat na hom vernoem is. Edda het graag geskilder en onderstaande skets het sy in 1877 van die Wonderboom gemaak. **Ek sal graag wil hoor as enige van u weet van nog van haar sketse en skildery oor ou Pretoria wat behoue gebly het.**



Wonderboom.

Edda Jacobs [nee Fannin] [1845-1938] is die Kaapprovinsie gebore. Sy was die twaalfde van kind van Ierse immigrante. In 1867 trou sy met eerw. Eustace Wilberforce Jacobs, 'n oud weermagkapelaan van die Karkloof gemeente in Howick. Hulle verhuis na Engeland waar eerw. Jacobs aangestel word as Kanon van Winchester. Kanon Jacobs sterf in 1871 na 'n kort siekbed. Edda bly tot 1874 in Engeland waar sy in "South Kensington, London" kunsklasse neem en ook opleiding kry as orreliste.

Terug in Durban ontmoet sy Biskop Bousfield en sy geselskap wat na die Transvala op pad is. Sy sluit by hulle aan onderneem die trek van vier maande na Pretoria. Tydens die tog het sy heelwat sketse langs die pad gemaak. Op 7 Januarie 1879 kom hulle in Pretoria aan. Sy word 'n onderwyseres by die skool wat later as St. Etheldreda's Skool bekend sou staan. Die leerlinge van die skool is gereeld op pieknieks geneem o.a. na die Wonderboom en die Fonteine vallei. Dit is heel moontlik op een so 'n piekniek wat sy die skildery van Wonderboom gemaak het.

Teen die einde van 1879 trou Edda met eerw. Alfred Roberts. Alfred Roberts het ook as deel van Biskop Bousfield se geselskap in 1878 na Suid Afrika gekom.

Eerwaarde Alfred Roberts wou graag ‘n sendeling word en op 21 jarige ouderdom skryf hy in vir ‘n drie jaar kursus aan die “St. Augustine’s Missionary College” in Canterbury Engeland. Na voltooiing van sy studies vergesel hy Biskop Bousfield as vrywilliger na Pretoria. Hier aangekom word hy taamlik teen sy sin aangestel as die hoof van St. Birinus Seunsskool. Die digter Eugene Marais, die latere sir Johannes van Boeschoten en die twee broers Melville was van sy leerlinge. Rousseau beskryf die skool as ‘n klein rietdakhuisie buite Pretoria. Behalwe akademiese klasse probeer eerw. Roberts hulle ook die “playing fields of Eton” gee. Hy leer hulle krieket en voetbal speel en in die Hondekuil by die Apiesrivier leer hulle waterpolo. Later sou Alfred Roberts ook die kaptein van Pretoria se Rugbyspan word.

Tydens die beleg van Pretoria [1880/81] word hy en sy leerlinge saam met die res van die inwoners van Pretoria na die kampe gestuur. Later het hy en sy leerlinge elke dag na die skool [wat nou by die St. Albans Katedraal is] geloop vir onderrig. Charles Duval berig in die “News of the Camp” op 15 Januarie 1881 as volg: “The Rev Mr Roberts intends to lead a daily exodus from the laager to his new Schoolroom. The young urchins will now be kept out of the way, and we hope we shall be less troubled by their noise in future.”

Hy word later hoof van die kerk op Potchefstroom.

Edda en Alfred het drie seuns gehad waarvan een later bekend sou word as die voëlkennner Austen Roberts. Een van die ander seuns, eerw. Noel Roberts, volg sy vader in die bediening en Noel se vrou gee later ook onderwys aan dieselfde skool waar haar skoonmoeder skoolgehou het, [St Etheldreda’s] wat nou bekend staan as die St. Mary’s Diocesan School for Girls.

Daar bestaan ‘n lieflike foto van eerwaarde en mev. Roberts in later jare voor ‘n ou motorkar. Ongelukkig kan ek dit nie plaas nie, die brief sal dan te “groot” word.

In my soeke na meer inligting het ek in twee boeke op die volgende foto afgekom. Die byskrifte van die foto verskil egter in die twee boeke.



### Byskrif volgens: Makin p25.

PRETORIA'S FIRST RUGBY TEAM (1875)

Back: Julius Jeppe, Bousfield, A. Roberts (captain), Henry Nourse, Stephens.

Middle: J.T.A. Shepherd, Danny Smithers, Kitwell, Higgerson, Godfray Lys, Palmer.

Front: Davis, Swart, Juta.

### Byskrif volgens: Vlok p236

The first organised Rugby Team in Pretoria, the “Pretoria Cricket and Football Team” which functioned in 1878. The names of the players are:

Back row (l. to r.): J. Jeppe, Bousfield, Rev (later Archdeacon) Roberts (Captain), Henry Nourse, Stephens.

Middle row: J.T.A. Shepherd, Denny Smithers, Kitwell, Higgerson, Godfray Lys, Reiner Swart, Palmer.

Front row: George Davis, Jacob Swart, Hubert Juta.

Volgens my mening is die foto nie in 1875 of 1878 geneem nie maar eers 'n paar later. Biskop Bousfield het op 8 Augustus 1878 die lang pad [vanaf Engeland] na Pretoria aangepak. In Julie 1878, kort voor sy vertrek is daar 'n foto van hom en sy geselskap geneem. Op die foto verskyn Rev. Alfred Roberts en ook Bousfield se oudste seun Harry. Eers op 21 Januarie 1879 kom hulle uiteindelik in Pretoria aan. Dus die foto is nie voor 1879 geneem nie. Die seun Harry Bousfield op die foto van 1878 lyk ook heelwat jonger as die Bousfield van die Rugby foto.

'n Paar interessante feite oor die persone op die foto. In die Volksstem van 1873 word genoem dat die seun van Julius Jeppe se seun [moontlik die een op die foto] van 'n perd geväl het en sy arm gebreek het. 'n Paar maande later word Julius genoem as een van die

leerlinge wat vir die eksamen resiteer. In 1874 ontvang Julius Jeppe en ook Godfray Lys prysie by die skool se jaarlikse prysuitdeling. Ek wonder of die ouers van daardie jare ook so trots was soos die van vandag en die koerant gebêre het.

In Februarie 1874 word ‘n papierjag by St. Alban’s skool gehou en Jacob Swart was die dag die vos. As ek dit reg verstaan moet die vos vir die ander weghardloop maar so ver as hy gaan gooи hy stukkies papier sodat hulle ‘n spoor het om te volg.

Hubert Juta is in 1888 op die ouderdom van 28 jaar oorlede.

Denny [nie Danny] Smithers trou met ‘n Duitse meisie Elsa Dietrich. Sy skryf later ‘n boek “March Hare” wat baie interessant is om te lees. U kan gerus probeer om dit in die hande te kry.

#### Bonne geraadpleeg

Addison, Margaret Elizabeth. **Daughters of the King.** The story of St. Mary's Diocesan School. Governing Body of St. Mary's School. 1979

Boje, John. **Something to be told.** A First History of St. alban’s College, Pretoria.

Bolsmann, Eric. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001.** Protea Boekhuis 2001

Laubscher, Lappe. **Henry Nourse.** Pioneer, Soldier and Sportsman.

Makin, Angela P. **John Robert Lys.** Pretoriana Nr. 74/75 1978. [p6 – 27]

Smithers, Elsa. **March Hare.** Oxford University Press. London. 1939

Vlok, J.C. **A Century of Sport.** Pretoria 1855-1955 Geskiedenis van die stad Pretoria onder redaksie van Prof. S.P. Engelbrecht.

---

#### Die volgende van Paul Els

Soos jy weet is ek besig om die geskiedenis van Thaba Tshwane (Roberts Heights/Voortrekkerhoogte) na te vors vir ‘n boek.

Die volgende het ek bekom oor Meintjieskop

**The cause of “perdesiekte” which was prevalent in the Transvaal was known to have been from the bite of a midge, (muggie) and “perdekraals” were kept away from rivers where the midges occur. The Remount Camp in Pretoria was on the west slope of Meintjies Kop where Victory Buildings and now the Pensions Office are today.**

Kan iemand dit vir my bevestig. Die sprake is dat die perde verskuif is na die Cantonment (Roberts Heights). Deurdat meeste boeke oor Pretoria nie die Hoogte insluit nie, maak die navorsing vir my baie moeilik. Ten spyte kry ek ongelooflike informasie oor die Hoogte en die Nasionale Argiewe het bv brieve wat geskryf is oor, geboue, Tremspoornlyn vir die Hoogte, fotos van belang.

Dankie en groete Paul J Els